

9 Februarie

Lukas 17:1-19, (Teks 17:17-19)

### *Het jy al omgedraai om te dank?*

Dink jou vir 'n oomblik in watter groot seën hierdie tien melaatse mense daar in die grensgebied van Galilea en Samaria te beurt geval het. Mense met die afskuwelikste knoppe van melaatsheid oral op hulle liggaam, ontmoet die Groot Geneesheer, ons Here Jesus Christus. In antwoord op hulle hulpgeroep stuur Hy hulle na die priesters toe. Op pad soontoe word hulle wonderbaarlik genees. Nege snel voort mét die seën van gesondheid die volle lewe in.

Net één gaan staan 'n oomblik stil... en dink nie net aan die gawe nie maar veral ook aan die Gewer. Net één gehoorsaam nie maar net gelowig nie (al is dit maar net 'n geloof soos dié van 'n mosterdsaad, vers 6!). Hy voltóói ook deur God se genade die kring van die geloof. Hy draai daadwerklik om... loof God... val voor die voete van Jesus neer... en dank Hom oorvloedig. Dis of mens hom kan hoor: "Dankie, dankie, dankie, Here". Hierdie man was 'n Samaritaan (in ons taal vandag: 'n "buitekerklike"), iemand wat glad nie so goed in die geloofsgeheimnisse "ingelei" was soos die nege "kerkmense" nie. Hoe beskamd! Nét hierdie een van wie jy dit die minste sou verwag!

Het jy al vandag omgedraai uit jóú voortsnellende, "vanselfsprekende" ontvangs van God se gawes in jou lewe? Tussen DINK en DANK is daar net een letter verskil. Wie waarlik diep dink oor die oorvloed genadegawes wat ons elkeen elke dag van die lewende God ontvang, moet omdraai om die Gewer oorvloedig te gaan dank. Ware geloof loop oor, vloei oor in danksegging (Kol 1:12). Dank God in alles (Tess 5:18), maar dank God ook oor alles (Ef. 5:20).

Sing: Psalm 138:1

Dr. P.P. Kruger (Meyerspark)